2de Kwartaal 2022

www.ldu.co.za

UYSBROKKIE

Uit die kantoor

Geagte ouers

Ek wil begin met ‘n paar wyshede wat ek by John C. Maxwell en van sy vriende bruikhuur.

Ouers is geneig om hul kinders alles te gee behalwe die een ding wat hulle die nodigste het.
Dit is tyd. [Emma K. Hulburt]
Teen die tyd dat ons besef ons ouers was dalk reg, het ons gewoonlik kinders wat dink ons is verkeerd.
Waar ouers te veel vir hul kinders doen, sal die kinders nie veel vir hulself doen nie. [Elbert Hubbard]

Ai die lewe bly maar ingewikkeld met al die versoekings asook die uitdagings wat dit bied.

Ek wil graag dankie sê vir al u moeite met die leerders gedurende hierdie baie bedrywige tweede kwartaal.

OOV

‘n Groot woord van dank aan al ons ouers wat by die OOV diens doen en voor vat. Dit word opreg waardeer en met dankbaarheid raakgesien.

Ek glo elke ouer van die skool weet dat sonder hierdie mense se bydrae, die skool glad nie suksesvol sal kan funksioneer nie.

Die vraag wat u, uself moet afvra in die verband is dalk: “Watter bydrae het ek persoonlik in die verband gedoen om my kind se skool te help om al die voorregte wat hy/sy ontvang te ondersteun? “

Ek doen dus hier ‘n beroep op elke Dirkie Uys ouer om betrokke te raak by jou kind deur ons OOV te help asb!

Winter skooldrag:

Ons wil u net weer herinner dat leerders winter skoolklere moet dra totdat daar amptelik aangekondig word wanneer daar oorgeskakel sal word.

Ouer kommunikasie:

Ek wil graag weer vir u die kommunikasie kanale van die skool verduidelik:

Die eerste kanaal van kommunikasie sal wees om met die betrokke personeel lid/ouer/persoon, waar die probleem ontstaan het, kontak te maak. Indien u nie tevrede is nie, kan u die Departementshoof van die betrokke fase in die verband kontak.

Die volgende stap sal wees om die Skoolhoof te nader. As u nog nie bevredigende oplossing kon bewerkstellig nie sal die volgende stap wees: Die BHR of enige lid van die BHR te nader. As u reken dat u 'n positiewe bydra tot die skool kan maak hoor ons graag van u.

Datums:

In die eerste week van die Derde Kwartaal sal u, sodra alle datums bevestig is, ook hierdie Kwartaal se sportdatums en beplanning ontvang.

D'uysgenoot:

Die **"D'uysgenoot"** verskyn ook weer waarin nog meer volledige verslag van die kwartaal, in beeld en skrif, te lees is. Vir die wat die eerste bestellings gemis het is daar nog 'n geleenheid om die uitgawe te bekom as u die kantoor sal skakel in die verband.

Web-blad (www.ldu.co.za):

Graag wil ons weer die Web-blad onder u aandag bring. Gaan besoek dit gerus.

Presteerders:

Baie geluk aan al die presteerders in Akademie (Top 3 per klas), Sport en Kultuur van hierdie kwartaal ons is trots op julle prestasies.

Geniet die Winter Vakansie !

Groete

F.J. Smit

www.ldu.co.za

Gr. R

Baie dankie aan die Gr. R Ouerkomitee vir die heerlike disco dans. Julle het julself oortref! Baie dankie vir jul harde werk en toewyding vir ons jong maatjies

Hokkie

Hokkie oefening begin Kwartaal 3 Woensdag 20 Julie. Kom oefen gerus saam, wie weet, dalk hou jy baie van hokkie. Dankie aan al ons hokkiespelers wat al-reeds speel. Baie dankie ook aan ons buite afrigters. Sureta Thomas, Eline Burden, Jana Ondendaal, Rouxlene Terblanche, Anton Visagie en Maryke Stemmet.

Skoolfonds 2022

<u>Baie dankie aan elke ouer wat gereëld sy/haar kind se skoolgeld betaal.</u>

2022 se skoolfooie is R 1,180.00 p/m vanaf Februarie tot November 2022.

Die skool se bankbesonderhede is soos volg:
ABSA
Moorreesburg
LAERSKOOL DIRKIE UYS
106 049 0003
Verwysing: U rekeningnommer / u kind se Naam en

Entrepreneurs

Baie dankie aan elke entrepreneur wat sorg vir heerlike eetgoed en interessante speelgoed elke 2de Vrydag.

Eisteddfod

GRAAD	NAAM EN VAN	PRESTASIE
4	Lanja Bester	Cum Laude
4	Le-Nique Solomons	Cum Laude
4	Minke-Mari	Cum Laude
4	Caru Koch	Goud +
6	Marguerite Joubert	Afr. Goud
6	Lynelle van Rensburg	Afr. Cum Laude
6	Caleb Mentoor	Eng. Silwer
6	Jacobus Carstens	Eng. Silwer
6	Kari Kriek	Afr. Cum Laude
6	Kari Kriek	Eng. Goud
7	Ané Kemp	Afr. Cum Laude
7	Ané Kemp	Eng. Goud
7	Rolene Mentoor	Afr. Brons
7	Jemma Piper	Afr. Cum Laude
7	Jemma Piper	Eng. Cum Laude
7	Shiloh Keith-Bandath	Eng. Goud
7	Zaylee Swart	Eng. Goud

Wes-Boland Eisteddfod

ONVOORBEREIDE LEES

WENNER 2022

Graad 4

Afrikaans Huistaal: MINKE-MARI STEMMET

Graad 6

Afrikaans Huistaal: KARI KRIEK

Graad 7

Afrikaans Huistaal: JEMMA PIPER

Baie geluk aan hierdie leerders, ons is baie trots op elkeen van julle met hierdie uitstekende prestasie!

Sportprogram - Kw. 3

22 Julie 2022	o/13 Tabel View toerspanne Rugby, Hokkie en Netbal	Tuis
23 Julie 2022	HDU & LDU Rugby en Netbal teen Porterville	Weg
25 Julie 2022	Hokkie teen Vredenburg	Tuis
26 Julie 2022	Rugby en Netbal teen L/s Darling	Weg
29 Julie 2022	Hokkie teen Curro Langebaan	Tuis
30 Julie 2022	Rugby en Netbal teen Curro Langebaan	Tuis
1 Augustus 2022	Hokkie teen Topolino	Weg
3 Augustus 2022	Rugby en Netbal teen H/s Piketberg	Tuis
12 Augustus 2022	LDU Hokkiedag	Tuis
13 Augustus 2022	LDU Sportdag Rugby en Netbal	Tuis
16 Augustus 2022	Rugby en Netbal teen St. Thomas Primêr	Weg
19 & 20 Augustus 2022	Interskole teen Jan van Riebeek	Weg
24 Augustus 2022	Hokkie teen L/s Courtrai	Weg
27 Augustus 2022	o.13 Rugby, Hokkie en Netbal Toer	Weg
31 Augustus 2022	Wintersport Afsluiting	LDU

Baie dankie

Baie dankie aan die OOV en alle ouers wat hierdie kwartaal gehelp het met die Moedersdag - en Vadersdag verkope. Julle is voorvatters.

KONSERT

"Save the date"

KONSERTDATUM: 27 Oktober 2022

Leerderleiers

Groot dank aan ons leerderleiers vir hul onbaatsugtige diens en tyd. Dit word opreg waardeer.

BORGE

‘n Spesiale woord van dank aan al ons borge vir die 2de Kwartaal van 2022. Dit word opreg waardeer!

Bemarkingskomitee
Laerskool Dirkie Uys

Geniet die vakansie